#2

# Uit Marokko



Skep 'n eksotiese gevoel met een van die gratis stensils wat by dié uitgawe ingesluit is.

*Deur* **Shelly Bergh**
*Foto's* **Ed O'Riley**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag

Afdruk van *Aalwyne en Taaibos* deur Conrad Botes; fles-kers, kersblakers en kerse, goue skinkbord, beker en vase van H&M; pienk plantpot van Mr Price Home; groen plantpot van Woolworths; Planet-luspoolmat van Herringbone



## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- nie-permanente spuitgom (ons het Scotch Spray Mount Repositionable Adhesive gebruik)
- Annie Sloan Chalk Paint in Amsterdam Green en Antoinette Pink
- Annie Sloan Soft Wax Clear

**GEREEDSKAP**
- stensil met Marokkaanse ontwerp
- 100-grint-skuurpapier • verfkwas
- stensilkwas • kunstenaarskwas

## Só maak jy ...





**1** Skroef die handvatsels van die laaie af en skuur dan al die oppervlakke liggies.




**2** Verf die kas met twee lae Amsterdam Green; laat die verf droog word tussen lae.




**3** Spuit die agterkant van die stensil met nie-permanente spuitgom.




**4** Plaas die stensil op 'n laaivoorkant (werk van die middel na die kante toe) en wend die Antoinette Pink aan met die stensilkwas. Waak teen 'n te nat kwas. Verwyder die stensil en plaas dit nou langs die patroon wat jy pas geverf het; verf weer oor die stensil. Herhaal hierdie proses totdat jy die stensilpatroon op al die laaie geverf het.




**5** Stip met die kunstenaarskwas kolle op die laairame rondom die laaie. Verseël die verf met Annie Sloan Soft Wax Clear.



[MAAK SO MET AANSPUITGOM]

**Shelly Bergh is 'n gereelde *Tuis*-medewerker en kranige selfdoen-entoesias. Hier is haar spuitgom-wenke:**
- Werk op ou koerant- of ander afvalpapier as jy die spuitgom aanwend – dis 'n taai besigheid!
- Jy hoef nie elke keer as jy die stensil skuif weer spuitgom aan te wend nie. Dit bly taai genoeg vir 'n paar keer se gebruik.

**KONTAK** shellybergh.com

**VERSKAFFERS**
**Conrad Botes** instagram.com/conradbotess
**H&M** 021 826 7451, hm.com/za
**Herringbone** 021 418 0787, herringbone.co.za
**Mr Price Home** 0800 212 535, mrphome.com
**Woolworths** 0860 022 002, woolworths.co.za